

ST. HYACINTHUS VAN KRAKAU 17 AUGUSTUS

(Sterf 1257)

Hierdie Dominikaanse priester bly een van die geliefste Poolse heiliges. Tydens sy lewe stig hy talle Dominikaanse kloosters in Pole en elders. Hy was 'n kragtige prediker en ook bekend as wonderwerker. 'n Baie bekende voorval was toe hy die invallende Tartaarse hordes met 'n monstrans in die hand tegemoet gegaan het en hulle so verjaag het. Voor 'n skare van honderde getuies het hy by Kiëf op die water oor die breë rivier geloop toe hulle uit die brandende stad moes vlug.

